Senwes

Oppad na 2020

Senwes is 'n geïntegreerde landboudienstebesigheid geposisioneer in die graanwaardeketting tussen die plaashek en die verwerker. Senwes verskaf produksie-insette en kapitaalgoedere aan hoofsaaklik die graanprodusent, waarna toegang tot die mark vir die kliënt se oesopberging bewerkstellig word. Finansiering en logistieke dienste word verskaf aan kliënte ten einde waarde toe te voeg tot die kerndienste wat Senwes lewer. Sake word hoofsaaklik in die Vrystaat, Noordwes, Gauteng, Mpumalanga, Suid-Kaap en Noord-Kaap bedryf.

In terme van die 2020 strategie, bly Senwes verbind daartoe om konsolidasie-platforms te skep met spesifieke vennote, sowel as die versnelling van die proses gedurende die komende jaar.

WINS UIT VOORTGESETTE BEDRYWE

R 291 m
4% groei

VERDIENSTE PER AANDEEL

143.9
sent per aandeel
14.8% daling

GENORMALISEERDE WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL

99.0
sent per aandeel
35% daling

15.7%
OPBRENGS OP OPENINGSEKWITEIT

Finansiële prestasie

Die groep se finansiële prestasie vir die 2013/2014 finansiële jaar reflekteer 'n wins na belasting van R 251 m en 'n omset van R 11 476 m – 'n verlaging van 18.2% en 17.3% respektiewelik, vergeleke met die vorige jaar. Die verlaging is hoofsaaklik weens 'n afname in besigheidsaktiwiteite na twee opeenvolgende droogte seisoene. Ten spyte hiervan het wins na belasting uit voortgaande bedrywe met 4% verhoog en is hoofsaaklik toe te skryf aan die goeie prestasie van die Senwes Meganisasie- en Senwes Credit besigheidseenhede. Genormaliseerde wesensverdienste het egter met 35% gedaal weens die verlaagde graanvolumes en die onderprestasie van die Afrika-beleggings.

Senwes het daarin geslaag om sy eie-kapitaalverhouding op 40% te handhaaf teen jaareinde en die balansstaat is op dieselfde vlakke, nieteenstaande 'n bewese groei in die debiteureboek.

Bedryfsprestasie

Senwes Credit en Certisure Brokers

Die droogte het stadiger terugbetaling van die kredietboek tot gevolg gehad, wat weer gelei het tot hoër marges vir die kredietbesigheid. Bogenoemde, sowel as hoë insetinflasie het bygedra tot 'n jaar-op-jaar boekgroei van 14,95% en 'n 35,4% verhoging in netto wins, na R 88 m. Die risikoprofiel het teruggekeer na normaal teen 30 April 2014 en die boek het weer sy terugbetalingsvermoë bewys. Certisure het daarin geslaag om sy marges te handhaaf. Die geografiese uitbreiding van die versekeringsbesigheid saam met NWK het die volhoubaarheid en groeipotensiaal van die maatskappy verhoog.

Wins uit bedryfsaktiwiteite R 95 miljoen

Senwes Grainlink

Die droogte het 'n ernstige impak op die resultate van Senwes Grainlink gehad, wat 'n verlaging van 26% ten opsigte van volumes tot gevolg gehad het. Markaandeel in die graansilobesigheid het verhoog, nieteenstaande verhoogde mededinging in 'n krimpende mark.

Wins uit bedryfsaktiwiteite R 85 miljoen

Nuwe toetreders tot die graanverhandelingsmark, tesame met laer volumes, het die besigheid van Tradevantage en BungeSenwes onder druk geplaas. Die verhoging in kommoditeitspryse het 'n verhoging in bedryfskapitaal benodig, wat op sy beurt weer 'n negatiewe effek op marges gehad het. Volumes verhandel deur BungeSenwes gedurende die 2014 finansiële jaar het met 79% verhoog, wat 'n markaandeel van 23% ten opsigte van mielie-uitvoere verteenwoordig.

Senwes Village

Die insetpilaar is negatief beïnvloed deur droogte-toestande gedurende die eerste helfte van die 2013/2014 plantseisoen. Die insetpilaar het gedurende die jaar gefokus op die integrasie van die Senwes en AFGRI besigheid, sowel as op die uitrol van die besigheidsmodel van die nuwe besigheidseenheid, Hinterland. Meganisasie het daarin geslaag om sy markaandeel gedurende 2013/2014 met 2.1% na 32.3% te verhoog.

Wins uit bedryfsaktiwiteite R 80 miljoen

Die Suid-Kaapse John Deere belegging het rekord resultate afgelewer vir die derde opeenvolgende jaar.

Vooruitsigte en uitdagings

Normale tot bo-normale reënval is ondervind gedurende die 2013/2014 produksieseisoen, wat hoër volumes vir Senwes Grainlink tot gevolg kan hê.

Meganisasie-aktiwiteite sal grootliks afhang van die kombinasie van graan-opbrengste maar ook die kommoditeitsprys.

Die integrasie en posisionering van Hinterland sal voortgaan, wat 'n waarskynlike verhoging in besigheid tot gevolg kan hê. Verdere kostesinergieë sal deur Hinterland ontsluit word gedurende die 2014/2015 finansiële jaar.

Die konsolidasiefokus sal deur Senwes en sy houermaatskappy, Senwesbel, gedryf word in die komende jaar. Groter groeperinge word gevorm en Senwes sal poog om homself sodanig te posisioneer dat waarde geskep word vir die groep en sy vennote.

Dividend

'n Finale dividend van 22c per aandeel (2013 - 35c per aandeel) is verklaar. Dividende sal ongeveer 12 September 2014 aan aandeelhouers betaal word wat op die aandeleregister van 29 Augustus 2014 geregistreer is. Met volmag van die Direksie.

Verkorte State Beskikbaar

'n Stel verkorte state asook 'n volledige stel state vir die jaar geëindig 30 April 2014 is beskikbaar op die internet by **www.senwes.co.za** of kontak die maatskappysekretaris, EM Joynt, by 018 464 7104 of per e-pos by **elmarie.joynt@senwes.co.za**

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Besturende Direkteur)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), ZBM Bassa, JBH Botha, AJ Kruger, CF Kruger (Finansiële Direkteur)*, NDP Liebenberg, KI Mampeule, JJ Minnaar, R Redfearn, TF van Rooyen, WH van Zyl
Mpy. Sekretaris: EM Joynt
*Uitvoerende Direkteure

**Senwes Bpk (Registrasienommer 1997/005336/06),
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, Tel: 018 464 7800
Webwerf: www.senwes.co.za**